

HOËRSKOOL FRAMESBY



ALGEMENE INLIGTING vir 2022 Vakkeuse vir Graad 10 – 12

Die inligting in hierdie brosjure is saamgestel om Graad 9-leerders en hul ouers te help om, so ver moontlik, die korrekte keuse uit 'n wye verskeidenheid van vakke te maak. 'n Ondeurdagte vakkeuse kan uiteindelik tot nadeel van die betrokke leerder strek. Bestudeer hierdie inligting asseblief noukeurig om enige verwarring uit die weg te ruim en om te verseker dat elkeen in staat sal wees om die beste keuses te maak ten einde uiteindelik 'n beroep van sy/haar keuse te kan beoefen.

Inhoudsopgawe

1. **SLAAGVEREISTES VIR DIE SENIOR FASE (GRAAD 7 – 9)**
2. **DIE MAAK VAN ‘N SINVOLLE VAKKEUSE**
 - 2.1 **Selfkennis**
 - 2.1.1 Individuele verskille
 - 2.1.2 Skolastiese vermoë
 - 2.1.3 Aanleg
 - 2.1.4 Belangstellings
 - 2.2 **Die Onderwysstelsel**
 - 2.2.1 Skoolfases
 - 2.2.2 Vakkeuse vir Graad 10 – 12
 - 2.2.3 Toelating tot tersiêre studie
 - 2.2.4 Minimum slaagvereistes vir die VOO-fase (Gr. 10 – 12)
 - 2.2.5 Algemene opmerkings en voorwaardes
3. **VAKKEUSE-PROSEDURE**
4. **VAKVERANDERINGE IN GRAAD 10 TOT 12**

1. SLAAGVEREISTES VIR DIE SENIOR FASE (GRAAD 7 – 9)

	Vereiste %	Prestasie-vlak
Afrikaans Huistaal	50%	4
English First Additional Language (ook English Home Language)	40%	3
Wiskunde	40%	3
Enige DRIE ander vakke	40%	3
Enige TWEE ander vakke	30%	2

2. DIE MAAK VAN ‘N SINVOLLE VAKKEUSE

‘n Sinvolle vakkeuse behels die volgende:

- Selfkennis
- Voldoende kennis van die onderwysstelsel en keusemoontlikhede wat dit bied
- Die bestudering van die tersaaklike feite
- ‘n Realistiese en objektiewe benadering ten opsigte van die kind se aanleg en vermoë.

Die Graad 9-leerder se vakkeuse vir Graad 10 tot 12 kan nie aan die kind alleen oorgelaat word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die **ouer** om leiding en steun aan die kind te gee en **saam** met die kind ‘n besluit te neem. Die **skool** se verantwoordelikheid is om inligting en advies aan die ouer en kind te gee. Die **finale** keuse bly egter altyd die verantwoordelikheid van die ouers. Die keuse van elke leerder word deur die skool geverifieer en gekontroleer.

2.1 SELFKENNIS

Voldoende kennis en begrip van u kind se besondere vermoëns, aanleg, belangstelling en ideale is noodsaaklik. Kyk na u kind in sy/haar totaliteit en moenie ‘n bepaalde aspek, byvoorbeeld belangstelling, verabsouteer nie. Die resultaat van byvoorbeeld **aanleg**-en/of **belangstellingstoetse**, moet saam met **skolastiese prestasie, gemotiveerdheid, ingesteldheid, persoonlikheid**, ensovoorts beoordeel word. Die finale keuse moet op basiese opvoedkundige beginsels berus.

2.1.1 Individuele verskille

Mense verskil van mekaar. Elke kind in ‘n gesin is uniek met sy/haar eie besondere vermoë, aanleg, belangstelling, persoonlikheid en aspirasies.

2.1.2 Skolastiese vermoë

Skolastiese vermoë is die aangebore potensiële vermoë van die mens om te kan leer en akademies te kan presteer. Omdat die mens so ‘n komplekse wese is en omgewingsfaktore ‘n invloed op hom kan hê, is dit nie maklik om te voorspel presies wat hy/sy op akademiese gebied kan vermag nie. Ouers en leerders moet poog om ‘n realistiese keuse te maak wat op historiese en feitelike inligting gebaseer is. Die skoolrapport is ‘n betroubare maatstaf van ‘n kind se skolastiese prestasie.

‘n Ontleding van ‘n kind se skolastiese prestasie in graad 7, 8 en 9, kan help om ‘n oorsig oor die skolastiese vermoë te kry. Indien ‘n leerder swak presteer het in ‘n bepaalde vak/vakte in graad 8 en 9, is dit onwaarskynlik dat hy/sy in die VOO-fase in daardie vak goed sal presteer.

2.1.3 Aanleg

Dit is die potensiaal waaroor 'n persoon beskik wat hom/haar in staat stel om 'n bepaaldevlak te kan bereik met opleiding en/of oefening. Aanleg, tesame met belangstelling, houding, motivering en ander persoonlikheidseienskappe, sal in 'n groot mate die uiteindelike sukses van die leerder bepaal.

2.1.4 Belangstelling

Die belangstelling van die leerder is ook belangrik wanneer die vakkeuse vir graad 10 tot 12 gedoen word. Ouers behoort hulle te vergewis van hul kind se belangstellings en poog om saam met die betrokke leerder vakke te kies wat deur hierdie belangstellings gekomplimenteer word.

2.2 DIE ONDERWYSSTELSEL

2.2.1 Skoolfases

Leerders is volgens die huidige wetgewing tot in graad 9 skoolpligtig. Die keuse van die vakke wat u kind van graad 10 tot 12 wil neem, moet nou gemaak word.

2.2.2 Die vakkeuse vir Graad 10 tot 12

Die inligting wat in hierdie brosjure voorsien word, het betrekking op Hoërskool Framesby, maar dit is volgens die beleid vir **Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)** soos vervat in die Kurrikulum & Assesseringsverklarings Graad 10 tot 12 wat met ingang 2012 vir graad 10 ingefaseer is.

Die goedgekeurde vakke vir VOO is in twee groepe verdeel, naamlik **Groep A** (vier verpligte vakke) en **Groep B** (keusevakke, waarvan drie gekies moet word).

Die keusevorm wat voltooi moet word dui die vakgroepe en vakke in elke groep aan.

2.2.3 Toelating tot tersi  re studie

Toelating tot tersi  re studie word eksklusief bepaal deur die betrokke kandidaat se uitslae in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen. Die mees onlangse minimum-toelatingsvereistes vir die verskillende vlakke van tersi  re studie, is op 11 Julie 2008 aangekondig (Staatskoerant No. 31231 van 11 Julie 2008). Hierdie vereistes word in die tabel hieronder vervat:

TIPE KWALIFIKASIE	VEREISTES SOOS OP 11 JULIE 2008 AANGEKONDIG
HO��R SERTIFIKAAT	NSS en minstens 30% in die Taal van Onderrig en Leer (TOL) van die universiteit
DIPLOMA	NSS, minstens 30% in die TOL van die universiteit/tersi��re inrigting en minstens 40% (Prestasievlek 3) in vier vakke
GRAADSTUDIE	NSS, minstens 30% in die TOL van die universiteit/tersi��re inrigting en minstens 50% (4) in vier vakke .

Hierdie toelatingsvereistes word by alle universiteite toegepas, terwyl dit blyk dat een van die vier vakke uit die "aangewese lys" waarvoor minstens 50% behaal moet word, die Taal van Onderrig moet wees. Dit beteken dat Afrikaans en Engels steeds die twee belangrikste taalvakke vir toelating tot universiteitstudie bly.

Uiteraard stel universiteite spesifieke toelatingsvereistes, addisioneel tot bogenoemde, vir bepaalde kursusse, soos Medies, Ingenieurswese en Baccalaureusgrade in die Wetenskap.

2.2.4 Minimum Slaagvereistes vir die VOO-fase (Nasionale Senior Sertifikaat) (verwys na die evalueringskaal hieronder)

Die noodsaaklikheid van die korrekte vakkeuse word beklemtoon deur die slaagvereistes vir die NSS wat hieronder uiteengesit word:

- 'n Leerder moet 'n evalueringskode 3 (40% - 49%) in 3 vakke behaal waarvan een 'n Ampelike Huistaal in Groep A moet wees.
- 'n Leerder moet 'n evalueringskode 2 (30% - 39%) in 3 ander vakke behaal, met die ekstra vereiste dat 'n volledige portefeuiljepunt as bewys van die jaar se assessering vir die druipvak ingedien moet word.
- Evalueringskaal vir Graad 10 – 12

Evalueringkode	Vlakbeskrywing	Punte %
7	Uitmuntende prestasie	80 - 100
6	Verdienstelike prestasie	70 - 79
5	Beduidende prestasie	60 - 69
4	Voldoende prestasie	50 - 59
3	Matige prestasie	40 - 49
2	Basiese prestasie	30 - 39
1	Ontoereikende prestasie	0 - 29

2.2.5 Algemene opmerkings en voorwaardes

- Minstens 20 leerders moet 'n vak kies alvorens dit aangebied sal word
- Vakte wat in Graad 9 gedruip is, of waarin die leerder baie swak presteer, moet verkiekslik nie as keusevakke in Groep B oorweeg word nie
- Indien 'n leerder tans in Wiskunde minder as 50% behaal, moet Wiskundige Geletterdheid eerder vir Graad 10 tot 12 gekies word.
- Rekenaarverwante vakke wat gekies kan word is Inligtingstegnologie (IT) en Rekenaartoepassingstegnologie (RTT). **Inligtingstegnologie** fokus op die oplos van probleme deur middel van programmering (Delphi), die opstel van 'n databasis en aspekte soos e-kommunikasie, mens-rekenaar-interaksie, sosiale implikasies van die rekenaar, nuwe tegnologie, ensovoorts. Dit word sterk aanbeveel vir leerders wat ingenieurswese wil gaan studeer. Die keuse van IT as vak is onderhewig aan **keuring** op grond van akademiese prestasie in Graad 9, spesifiek in Engels en Wiskunde. **Rekenaartoepassingstegnologie** fokus op die hantering van inligting en oplos van probleme deur die gebruikmaking van toepassingspakkette (Word, Excel, Access, Frontpage, ensovoorts). Teoreties word hier aandag geskenk aan die volgende onderwerpe: hardeware, sagteware, netwerke, rekenaarsekuriteit en rekenaaretiek.
- **Inligtingstegnologie** (IT) en **Rekenaartoepassingstegnologie** (RTT of CAT) mag vanaf 2012 wel saam geneem word. Sodanige keuse is egter nie noodwendig sinvol nie, en moet eers met die Akademiese Hoof bespreek word. In beide hierdie vakke beperk die beskikbare rekenaars die getalle en keuring mag selfs nodig wees.
- Indien Fisiese Wetenskappe gekies word MOET **Wiskunde** (en nie Wiskundige Geletterdheid nie) gekies word.
- Indien Rekeningkunde, Inligtingstegnologie of Ingenieursgrafika en -Ontwerp gekies word is Wiskunde die aangewese keuse en nie Wiskundige Geletterdheid nie.
- Vir enige Gesondheidswetenskaplike rigting word vereis dat die kandidaat minstens **Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Lewenswetenskap** aanbied.
- 'n Kandidaat wat Ingenieurswese of wetenskap/laboratoriumwerk oorweeg, **MOET Wiskunde en Fisiese Wetenskappe** aanbied.

- Vir **Ambagsopleiding** word Graad 9 as minimum vereiste gestel, alhoewel baie organisasies verkieς dat aansoekers ten minste 'n Graad 10 of 11-sertifkaat verwerf het. So 'n opleiding kan ongeveer $3\frac{1}{2}$ - 4 jaar duur. In sekere gevalle mag daar dan met verdere studie aan 'n Tegniese Universiteit voortgegaan word.
- Die voorwaardes wat hierbo uiteengesit is, moet gesien word as die **MINIMUM vereistes**. Universiteite sal normaalweg hulle eie vak-en persentasievereistes daarstel. Sekere kursusse, waaronder medies, verwag 'n heelwat hoër gemiddelde persentasie net om te kwalifiseer om aansoek te doen.

NB: Dit is die kandidaat se eie verantwoordelikheid om inligting in te win in verband met vakvereistes ten einde 'n spesifieke studierigting te betree ná die verwerwing van die NSS.

3. VAKKEUSE-PROSEDURE

Die voltooide vakkeusevorm moet teen **Donderdag 30 September 2021** by Mev. Loftus, MnR. van der Walt of die voogonderwyser ingehandig word.

Waar daar enige onsekerheid rakende die vakkeuse bestaan, word dit aanbeveel dat daar gebruik gemaak word van professionele beroepsvoorligting.

U is welkom om die betrokke vakhoof te skakel indien u enige navrae het.
(041 – 360 1257)

Die vakkeuse wat die leerder uitoefen is FINAAL en GEEN veranderinge word tot ná die Junie-eksamen van 2022 toegelaat nie. Die enigste uitsondering is dat leerders toegelaat word om tot aan die einde van die eerste kwartaal van 2022 van Wiskunde na Wiskundige Geletterdheid mag verander. Daarna sal geen verandering toegelaat word tot ná die Junie-eksamen in 2022 nie. Leerders mag wel by daardie geleentheid ook ander vakke verander, onderhewig aan die reëls soos vervat in Punt 6.

4. VAKVERANDERINGE

Volgens Departementelegeleid mag 'n leerder TWEE vakke in Graad 10 verander, TWEE vakke in Graad 11 en EEN vak in Graad 12.

Alhoewel dit mag voorkom dat die Departement baie toegeeflik is, **word enige vakverandering ten sterkste ontmoedig**. Omdat die VOO-fase 'n aaneenlopende fase vanaf Graad 10 tot Graad 12 is, word elke vak volgens die voorgeskrewe kurrikulum ook so aangebied dat die volle inhoud vanaf Graad 10 tot Graad 12 uiteindelik in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen getoets word. Wanneer 'n leerder dus van vak verander, MOET die agterstallige werk in die nuwe vak eers bemeester word.

Vakveranderinge het dikwels ook tot gevolg dat klasse oorvol raak aangesien beplanning gedoen word op grond van die vakkeuse aan die einde van die derde kwartaal van die voorafgaande jaar.

Veranderinge na praktiese vakke ná Graad 10 kan glad slegs onderhewig aan spesifieke voorwaardes, en met toestemming van die Skoolhoof, oorweeg word na oorlegpleging met die spesifieke vakhoof. Leerders sal dus nie maklik toegelaat kan word om na vakke soos Inligtingstegnologie, Rekenaar-toepassingstegnologie, Ingenieursgrafika en –Ontwerp, Verbruikerstudie en Musiek te verander nadat die aanvanklike keuse gemaak is nie.

Die volgende reëls geld rakende vakveranderinge:

Graad 10: Eerste semester:

Slegs Wiskunde na Wiskundige Geletterdheid tot aan die einde van die eerste kwartaal, en daarna GEEN verdere vakveranderinge tot ná die Junie-eksamen.

Tweede semester: Leerders mag verandering maak tot 31 Mei 2021. GEEN verdere veranderinge mag daarna gemaak word nie. In total mag slegs TWEE vakke verander word.

Graad 11: GEEN vakveranderinge ná Desember van Gr. 10.

Graad 12: GEEN vakveranderinge ná 30 November van die Graad 11-jaar.

In alle gevalle moet 'n vakverandering teen bogenoemde spesiedatums aan die Departement voorgelê word vir goedkeuring.

PROSEDURE

Die ouer/voog van die betrokke leerder rig 'n SKRIFTELIKE versoek aan die betrokke Graadhoof. Die vakverandering kan eers plaasvind nadat die betrokke graadhoof, die vakhoof van die nuwe gekose vak, asook die Akademiese Hoof die aangeleentheid ondersoek het. Daarna sal die ouer/voog versoek word om die amptelike versoek aan die Departement van Onderwys te voltooi, waarna dit aan die Departement voorgelê sal word vir goedkeuring.